**Waarom laat U my onreg ervaar?**

**Habakuk 1:1-4**

**7 Junie 2026**

1. Motivering vir Habakuk: (1) Nuttig as voorbereiding vir die boek Romeine (2) Relevant vir tyd waarin ons leef
2. Inleidende opmerkings (Hab 1:1)
    a. Habakuk was 'n profeet, waarskynlik teen 600 v.C.
    b. Tree op in Juda kort voor Babiloniese ballingskap
3. Die situasie in Juda (Hab 1:2-4)
    a. Habakuk neem geweld waar (v2)
        i. Onreg, leed, vernietiging, twis, rusie, reg word verdraai (v3-4)
        ii. Geweld gebeur oop en bloot (v3)
    b. Ons beleef dieselfde: In die wêreld, ons land, selfs die kerk
4. Die vraag van Habakuk aan die Here (Hab 1:2-4)
    a. Habakuk reageer in gebed – al vir geruime tyd (v2-3)
        i. Maar die Here luister nie (v2)
        ii. Selfs al kyk die Here toe hoe dit gebeur (v3)
    b. "Waarom laat U my onreg ervaar, terwyl U toekyk?" (v3)
        i. Habakuk se vraag, en ook ons vraag
    c. Die Here wil ons te midde van die onreg herinner aan die "doctrines of grace"/ "5 points of Calvinism" / TULIP
        i. Total depravity / Totale verdorwenheid:
            - Sedert sondeval is ganse mensdom verdorwe (vgl Rom 3)
            - Dit verduidelik hoekom daar soveel onreg is
        ii. Unconditional election / Onvoorwaardelike uitverkiesing
            - Slegs enkeles wil nie aan onreg deelneem nie
            - Hulle is deur die Here uitverkies – sodat hulle nie wil deelneem nie
        iii. Limited atonement / Beperkte versoening
            - Uitverkorenes word geregverdig – dus haat die wêreld hulle
            - Net uitverkorenes word geregverdig – versoening vir hulle is volledig, maar is beperk tot net hulle
        iv. Irresistable grace / Onweerstaanbare genade
            - Genadewerk in die uitverkorenes is onweerstaanbaar
            - Hulle kan eenvoudig nie onreg net aanvaar nie – worstel daaroor met die Here
        v. Perseverance of the saints / Volharding van die heiliges (gelowiges)
            - Gelowiges sal nooit verlossing verloor nie – die Here sorg daarvoor
            - Hulle sal tot aan die einde van hul lewens volhard – dan word hulle uit die onreg geneem
    d. Hoekom verwyder die Here die gelowige uitverkorenes nie direk uit die onreg nie?
        i. Daar is steeds uitverkorenes wat deel is van die onreg wat geroep moet word – dit is die taak van die gelowiges om hulle te roep
        ii. Selfs die uitverkore gelowiges moet steeds groei in heiligheid